# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 31


## DIE AMPSDRAERS VAN DIE KERK

Nederlandse Geloofsbelydenis — **DIE AMPSDRAERS VAN DIE KERK** — Artikel: 31

Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer.


Daarom moet ... terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in ... Hy moet wag totdat hy ... God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en ... id kan hê dat dit van ... om.

Verde... ie bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al ma... een en d... e mag en gesag, omdat ... al dienaars va... Christus is - die enigste ... ne Op... en die enigste Ho...



ter wille van die werk wat hulle doen en sover moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef.


Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer.



Handelinge 1:23-24: Hulle het toe twee voorgestel: Josef, bekend as Barsabbas, wat ook Justus genoem is, en Mattias. Daarop het hulle soos volg gebid: “U, Here, wat almal se harte ken, wys U uit hierdie twee die een aan wat U gekies het

Handelinge 6:3-4: Broers, soek dan sewe mans onder julle, van goeie getuienis en vol van die Gees en van wysheid, wat ons vir hierdie taak kan aanstel. En ons sal ons dan toelê op gebed en die bediening van die woord.”

Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.



Handelinge 13:2: Toe hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees vir hulle gesê: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waartoe Ek hulle geroep het."


1 Korintiërs 12:28: In die gemeente het God aangewys: eerstens apostels, tweedens profete, derdens leraars; daarna kragtige vermoëns, sowel as gawes van genesing, vermoëns om te kan help, om te lei, en verskillende soorte tale.

1 Timoteus 4:14: Moenie die genadegawe in jou verwaarloos wat deur profesie aan jou geskenk is toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het nie.

1 Timoteus 5:22: Moenie iemand oorhaastig die hande oplê, en moenie deel kry aan iemand anders se sondes nie; hou jouself rein.

Hebreërs 5:4: Niemand eien die eer vir homself toe nie, maar hy word, net soos Aäron, deur God geroep.

Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is



1 Korintiërs 3:9: Ons is medewerkers van God; julle is God se saailand, God se bouwerk.

1 Korintiërs 4:1-2: Só moet mense ons beskou: as diensknegte van Christus en as bedienaars van die verborgenhede van God. Boonop word van sulke bedienaars verwag dat elkeen van hulle getrou bevind sal word.


2 Korintiërs 5:20: Ons tree dan op as gesante ter wille van Christus, asof God self deur ons 'n beroep op julle doen. Ons pleit by julle, om Christus ontwil: Laat julle met God versoen!

1 Petrus 5:1-4: Ek doen dan nou 'n ernstige beroep op die ouderlinge onder julle, ek, julle mede-ouderling en getuie van die lyding van Christus, en julle deelgenoot in die heerlikheid wat geopenbaar sal word: Versorg soos herders die kudde van God in julle midde; hou toesig – nie uit plig nie, maar vrywillig, in ooreenstemming met die wil van God; nie uit skandelike winsbejag nie, maar geesdriftig; nie baasspelerig oor hulle wat aan julle toevertrou is nie, maar as voorbeeld vir die kudde. En wanneer die Groot Herder verskyn, sal julle die erekrans van heerlikheid ontvang, wat nooit sal verwelk nie.

# DIE AMPSDRAERS VAN DIE KERK



Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is - die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk.



Matteus 23:8: Maar julle, julle moet julle nie as 'rabbi' laat aanspreek nie; want net Een is julle Leermeester, en julle is almal broers.

Matteus 23:10: Julle moet julle ook nie as leraars laat aanspreek nie, omdat net Een julle Leraar is, naamlik die Christus. Die belangrikste onder julle moet julle dienaar wees.

Efesiërs 1:22: Hy het alles onder sy voete gestel, en Hom aan die kerk gegee, as Hoof oor alles,


Efesiërs 5:23: omdat die man die hoof is van die vrou, soos Christus ook hoof is van die kerk; Hy is Verlosser van die liggaam.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE AMPSDRAERS VAN DIE KERK

Artikel: 31

Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen en sover moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef.



1 Tessalonisense 5:12-13: Maar ons vra julle, broers, om respek te betoon aan diegene wat ywerig onder julle werk, en julle in die Naam van die Here voorgaan en teregwys, en om, op grond van hulle werk, in liefde en met die hoogste agting teenoor hulle op te tree. Leef in vrede met mekaar.

1 Timoteus 5:17: Laat die ouderlinge wat goed leiding gee, dubbele eer ontvang, veral diegene wat hard werk aan woordverkondiging en onderrig.

Hebreërs 13:17: Wees gehoorsaam en onderdanig aan julle leiers, want hulle waak oor julle siele, as diegene wat rekenskap sal moet gee – sodat hulle dit met vreugde kan doen, en nie al sugtend nie, want dit sal vir julle nie goed wees nie.

# DIE AMPSDRAERS VAN DIE KERK



Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer.

Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.

Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is - die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk.

Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen en sover moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef.

Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer[1].

Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom[2].

Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is[3] - die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk[4].

Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen en sover moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef[5].

1 Handelinge 1:23-24; Handelinge 6:3-4
2 Handelinge 13:2; 1 Korintiërs 12:28; 1 Timoteus 4:14; 1 Timoteus 5:22; Hebreërs 5:4
3 1 Korintiërs 3:9; 1 Korintiërs 4:1-2; 2 Korintiërs 5:20; 1 Petrus 5:1-4
4 Matteus 23:8; Matteus 23:10; Efesiërs 1:22; Efesiërs 5:23
5 1 Tessalonisense 5:12-13; 1 Timoteus 5:17; Hebreërs 13:17